Teksgedeelte: Kolossense 1:13-23

Teksvers: Kolossense 1:18

Tema: Christus is die eerste in alles. Is Hy ook die Eerste in jou lewe?

Verlede Sondagaand het ons stil gestaan by Paulus se gebed vir die gemeente in Kolosse. In hierdie gebed het ons gesien dat Paulus God eers dank vir drie dinge wat deel was van die gemeente en dat Paulus daarna vir drie spesifieke sake voorbidding doen. Maar belangriker nog as dit, ons het gehoor dat beide die dankgebed en die voorbidding wat Paulus gedoen het, in wese gefokus is op die eer van God.

Die geloof, liefde en hoop waarvoor Paulus die Here gedank het en die kennis, goeie vrugte en krag waarvoor Paulus gepleit het, was alles daarop gefokus dat die gemeente aan God al die eer sal gee. Aan die einde van Paulus se gebed, hier vanaf vers 12, begin Paulus om God te loof en te prys en hy doen dit deur hierdie besonderse loflied oor Jesus Christus. Die goedheid wat die gemeente beleef en dit wat Paulus in die gemeente se lewe sien, beweeg hom om die Here te loof en te prys.

Sien, die lof wat Paulus aan die Here bring, was vir hom só `n realiteit dat dit sy lewe bepaal het. Dit was nie bloot maar net woorde nie, dit was `n belydenis wat sy lewe bestuur en gelei het. Juis om hierdie rede dat hy Jesus Christus loof en prys as die Hoof van die kerk in vers 18. Nog meer as dit, hy erken en bely dat Jesus Christus die oorsprong van die kerk is. As dit nie vir Christus was nie, was daar nie `n kerk nie en juis om hierdie rede is Hy die Hoof, die Kop of die Oorsprong. En die rede hoekom Paulus vir Jesus Christus as die Hoof van die kerk erken, word ook in hierdie gedeelte gegee.

Dit is nie omdat ons as mense Christus aan die Hoof wil sit, dat Hy die Hoof is nie. God self het Christus aangestel as die Hoof van die kerk en om hierdie rede dat ons gehoorsaam aan Hom moet wees. As ons Jesus Christus wil loof, prys en bely as die Hoof van die kerk, moet ons lewens ook deur Hom bepaal word. God het Jesus Christus as die Hoof van die kerk gestel om drie redes:

Die eerste rede vind ons in vers 15, naamlik dat **die Seun die beeld van God is**. God is Gees en wie God wil aanbid moet Hom in die Gees en in waarheid aanbid. Tog weet God ook dat ons as mense se verstand net eenvoudig te klein is om dit te begryp en om hierdie rede dat Hy Homself aan ons bekend maak in Jesus Christus. Soos Jesus Christus self ook vir Filippus gesê het: “Wie My sien, sien die Vader...” Tog, wanneer Jesus Christus vir ons die Vader kom wys, is dit nie soos `n spieël waarin mens kyk nie. Jesus Christus is nie net `n afdruk van die Vader nie – Hy is God self en God woon met sy volle wese in Hom. As jy God dus wil leer ken, moet jy by Jesus Christus begin en Hom leer ken. Daar is net een manier om God te ken en dit is deur Jesus Christus!

Die tweede rede vind ons in vers 16, naamlik dat **God deur Hom alles geskep het**. Hoe wonderlik is dit om te weet dat ons Koning en Verlosser nie maar net `n skepsel is nie?! Hy word nie beperk en bepaal deur natuurwette nie – Hy is groter as dit! Reeds in vers 15 word dit op `n besonderse manier gesê wanneer ons lees dat Hy bo die skepping verhewe is, of soos die OAV sê: Hy is die Eersgeborene van die hele skepping. Eenvoudig gestel: Hy is die belangrikste en grootste en dit weens Hom wat die hele skepping sy bestaan te danke het. Soos Johannes ons leer in Johannes 1:3: "Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie `n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie."

Die derde rede vind ons in vers 18, naamlik dat **Hy die eerste is wat uit die dood opgestaan het** of soos die OAV dit vertaal "die Eersgeborene uit die dode..." Hiermee bedoel Paulus nie dat Jesus Christus die eerste was wat uit die opgestaan het nie, maar dat sy opstanding uit die dood die belangrikste was! Daar was baie mense wat voor Jesus Christus uit die dood opgewek is. Dink maar aan Lasarus, die dogtertjie van die Joodse Raadslid en die weduwee van Nain se seun – al drie gevalle waar Jesus Christus self die mense uit die dood opgewek het. Tog het elkeen van hulle weer gesterf, maar Christus het bly lewe! Hy het vir ewig opgestaan uit die dood en sy opstanding uit die dood het die ewige lewe vir ons oopgesluit. Dit is juis deur Sy dood wat Hy die vrede kom herstel het, daarom dat Hy die eerste is wat uit die dood opgestaan het!

Om hierdie drie redes is Hy die Eerste in alles. Hy is bo alles, Hy het alles gemaak en deur Hom is alles in die hemel en op die aarde met God versoen. Maar is Hy eerste in jou lewe? Bepaal hierdie drie vaste waarhede jou lewe en is Sy koningskap só duidelik in jou lewe dat ander mense dit sien?

Julle sal onthou dat daar in ons Nagmaalsformulier `n gedeelte is waarin ons aan alle afgodsdienaars, towenaars en waarsêers en dié wat aan hulle glo, godslasteraars en skeurmakers in kerk en staat, meinediges en ongehoorsames, moordenaars en twissoekers, egbrekers, hoereerders, dronkaards, diewe, rowers, dobbelaars en gieraards verkondig om nie na die Nagmaal van die Here toe te kom nie. En die rede hiervoor is nie dat ons as "die kerk" moeilik wil wees of mense wil veroordeel nie. Die rede waarom ons dit doen, is omdat Jesus Christus die Hoof van die kerk is en omdat dit deur ons lewe duidelik moet word dat Hy die Hoof is.

Wanneer Christus nie die Eerste in jou lewe is nie, beleef mens ontsettende, ongelooflike vrees. Dan is daar geen werklike verlossing nie en hang jou eie bestaan van jouself af. Dan kan mens nie die vrede en vreugde van Nagmaal beleef nie en kan mens dit nie verstaan nie. Dan is jy afhanklik van dit wat jy moet doen en nie wat God vir jou gedoen het nie.

Kom ek gebruik `n voorbeeld om hierdie meer konkreet te maak. As ons die sonde en die dood vergelyk met rowwe diepsee waarin ek besig is om te verdrink en ek wil hieruit gered word, sou ek self maar moes swem en uit die see moes uitkom. As ek `n Moslem was, sou Mohammed vir my gesê het ek moet vinniger swem – net nog

reëls en regulasies. As ek `n Boeddis was, sou Boeddha gesê dat hierdie see net `n illusie is en die Hindu sou gesê dat dit nie `n krisis is nie, ek sal terug kom as `n vis of `n paling of iets wat kan swem. En as my werk my god was, sou ek maar net nog harder moet werk en gedagtes in my werk verdrink.

Want, sien nie een van hulle het die wêreld met God versoen of enige versoeningswerk gedoen nie. Nie een van hulle het die merke van spykers in die hande waar hulle aan die kruis gesterf het nie en daarom kan hulle nie vrede bring nie. Net Jesus Christus het en dit is daardie hande wat Hy uitgesteek het en ons gered het deur ons met God te versoen.

Wanneer Christus egter die Eerste in jou lewe is; wanneer jou lewe bepaal word deur Sy heerskappy oor jou lewe, deur die feit dat jy bestaan bloot omdat Hy dit wil en deur die feit dat Hy sy bloed vir jou gestort het, het ons `n ontsettende groot troos. Dit is dan wat ons die vrede beleef dat ons weer in `n verhouding met God staan en dat Jesus Christus die vrede tussen God en ons kom herstel het. Dit is wanneer jy vir Christus, en vir Hom alleen, lewe wat jy die vrede sal beleef wat hoër is as wat ons kan begryp. Dit is dan wat die heerskappy van Jesus Christus jou lewe bepaal en wat die verlossing wat Hy gebring het vir jou `n gelooflike realiteit sal wees. Dit is alleen dan wat jy in vrede met ander mense en met jouself kan leef.

Mag elkeen van ons, wanneer ons nou by die Nagmaalstafel gaan aansit, daardie vrede beleef. Mag elkeen van ons bely en erken dat Jesus Christus die Eerste in alles is omdat God Hom die plek gegee het. Mag elkeen van ons bely en erken dat Jesus Christus ook die Eerste is in elkeen van ons se lewe. En mag die lofprysing van ons gebede só `n realiteit vir ons wees dat dit ons lewe bepaal!

Amen.